

MIND MOVES

weg met leerblokkasies

DR MELODIE DE JAGER



Hierdie uitgawe deur Mind Moves Institute 2019
7de Straat 44
Linden, 2195
Suid-Afrika

Kopiereg © Mind Moves Institute 2019
Teks kopiereg © Melodie de Jager

Eerste uitgawe in 2006 deur The BG ConneXion (Edms) Bpk
Tweede uitgawe in 2009 deur Metz Press

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluitingstelsel bewaar of weergegee word in enige vorm of op enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Uitgewer	Mind Moves Institute Publishing
Ontwerp en uitleg	Cozette Laubser
Illustrasies	Sarita Olivier
Proefleser	Louise Hunlun
Gedruk en gebind deur	Novus Print Solutions
ISBN	0-9584837-7-9

Aanvanklik weier mense om te glo dat 'n vreemde nuwe ding gedoen kan word, dan begin hulle hoop dat dit nie gedoen kan word nie.

Hulle hoop dat dit nie gedoen kan word nie, want dit sou beteken dat hulle op 'n heel nuwe manier na die tuin moet begin kyk.

Dan sien hulle dat dit wel gedoen kan word.

Dan word dit gedoen, en die hele wêreld wonder waarom dit nie eeue gelede al gedoen is nie.

FRANCES HODGSON BURNETT, SKRYWER VAN THE SECRET GARDEN

INHOUD

VOORWOORD

KONTAKBESONDERHEDE

1 LEERBLOKKASIES

Blokkasies ten opsigte van sinuiglike stimulasie en integrasie

Sosio-ekonomiese blokkasies

Emosionele blokkasies

Taalblokkasies

Verwysingsraamwerk as blokkasie

Verskillende leerstyle as blokkasie

Geslag as blokkasie

Onvanpaste omstandighede as blokkasie

2. IK? EK? FK!

Wat presies is leer?

Wat is intelligensie?

3. DIE DRIE-IN-EEN-BREIN

Die oorlewingsbrein

Die emosionele brein

Die denkende brein

Ter opsomming

4. DIE ONGEÏNTEGREERDE DENKENDE BREIN (DIE ROL VAN DOMINANSIE)

Insette – die sinuiglike stelsel

Verwerking – die brein

Uitsette – die motoriese stelsel

Identifisering van leerblokkasies

Ter opsomming

5. DIE BLOUDRUK VIR LEER

Baarmoederreflekse
Primitiewe reflekse
Oorbruggingsreflekse
Posturale reaksies

6. ALGEMENE VRAE OOR FK

7. OEFEN DAAI BREIN!

Mind Moves® vir kernspierontwikkeling
Mind Moves® vir luister
Mind Moves® vir taal
Visuele Mind Moves®
Mind Moves® vir konsentrasie
Mind Moves® vir skryf en toespraak maak
Mind Moves® vir lees en spel
Mind Moves® vir kreatiewe probleemoplossing,
wiskunde en wetenskap
Mind Moves® vir geheue en selfvertroue tydens toetse

BIBLIOGRAFIE

INDEKS

MEER OOR DIE OUTEUR

Waar hy en hom gebruik word om na die leerder te verwys, word by implikasie ook sy en haar bedoel. Enige verwysing na onderwyser en leerder sluit by implikasie oer en kind in. Hierdie program kan net so suksesvol tuis deur ouers met hul kinders gebruik word, as in die klas deur onderwysers.

VOORWOORD

Ek het dr. Melodie de Jager die eerste keer hoor praat voor 'n internasionale gehoor van onderwysers, lektore en regeringsraadgewers. Wat my veral opgeval het, was haar helder denke, haar sin vir humor en die feit dat sy nie wegsgram van belangrike kwessies nie – vergesel deur navorsing, vermaaklike staaltjies wat haar gehoor om die beurt na hul asem laat snak, ver laat terugdink en heerlik laat lag. En hierdie boek is presies dieselfde.

Na my mening is 'n menslike wese basies 'n masjien – 'n masjien bestaande uit koolwaterstofverbindinge wat beheer word deur 'n elektro-chemiese inligtingverwerker. Hierdie verwerker, die brein, bepaal die hele mens se wese – dit bepaal wat jy in die verlede gedoen het, wat jy nou doen en wat jy in die toekoms gaan doen. Sonder 'n brein sou jy nie in staat wees om die inligting wat jy deur jou sintuie ontvang, te verwerk en in motoriese uitsette te omskep nie.

Wanneer ons van die menslike leerproses praat, behoort ons dus almal baie meer bewus te wees van die faktore wat die gehalte van die verwerking in die brein kan beïnvloed – die faktore wat die gehalte van ons rasonale denke bepaal. Ons behoort ook beter te let op daardie faktore wat potensiële leerblokkasies kan wees – dit wil sê, blokkasies ten opsigte van die suksesvolle verwerking van inligting, en gevolglik blokkasies ten opsigte van toepaslike gedrag. Hierdie boek identifiseer sommige van die faktore waarvan ons almal kennis behoort te neem.

Dr. de Jager roer 'n paar belangrike sake aan in verband met ons vermoë om te leer. In haar ondersoek van wat gedoen kan word om leerblokkasies uit die weg te ruim sonder om die bestaande werkklas dramaties te vergroot, ontleed sy onder meer leerblokkasies ten opsigte van sosio-ekonomiese omstandighede, emosionele ontwikkeling, taal, leerstyl, geslag, sintuiglike stimulasie en integrasie, en onvanpaste omgewingsfaktore. Haar uitgangspunt is dat 'n baba by geboorte net so hulpeloos is soos iemand wat geblinddoek, ontvoer is en op die maan aan sy eie genade oorgelaat is. Die baba is dus in werklikheid 'n lewensvorm "met die potensiaal om 'n menslike wese te word".

Die uitgangspunt is dat leer 'n dinamiese proses is waartydens kennis en vaardighede verwerf en onthou word. Die leerproses word verder bespreek, met aandag aan onder meer IK, EK (emosionele kwosient, oftewel emosionele intelligensie, wat ons beheer oor ons gedagtes en emosies behels) en FK. Fisieke kwosient, of fisieke intelligensie, is die vermoë om ons neurologiese toerusting te stimuleer en te bestuur. Die oorlewingsbrein, die emosionele brein en die denkende brein word uitvoerig verduidelik en bespreek ten opsigte van tipiese gedrag, wat 'n mens kan doen om die leerproses te ondersteun, en onder watter omstandighede sulke leerders optimaal leer.

Die nie-denkende brein word ook bespreek. Soos dr. De Jager sê: “Wanneer die twee breinhemisfere nie as ’n span saamwerk nie, is die brein soos ’n perdekar wat deur twee perde getrek word wat in verskillende rigtings hardloop – dit raak buite beheer, en dit skep leerblokkasies.”

De Jager glo dat die vloeï van inligting tydens die leer- en denkproses ’n ingewikkelde saak is en dat dit dus ’n ooreenvoudiging sal wees om ’n leerder se leerstyl as of linkerbrein- of regterbreindominant te bestempel, veral in die lig van die verskillende funksies en eienskappe van die twee breinhemisfere.

In die verdere bespreking van FK (die effektiewe vloeï van inligting van die sintuie deur die verskillende dele van die brein, wat in toepaslike motoriese uitsette omskep word), verduidelik die skrywer waarom soveel leerders sukkel om leervaardighede te bemeester. De Jager is van mening dat dit nuttig sal wees indien onderwysers, ouers en leerders (in die afwesigheid van terapeute wat op neurologiese ontwikkeling fokus), kan leer om die tekens te herken wat daarop dui dat neurologiese onrypheid ’n onderbreking in die vloeï van inligting veroorsaak. Daar word uitvoerig aandag geskenk aan die refleksie wat normaalweg die “basiese bedrading” vir alle latere vaardighede verskaf, en fisiese oefeninge wat gedoen kan word om die betrokke vaardighede te ondersteun.

Die skrywer meen: “Wanneer die leerder in die oorlewingsstaat verkeer, funksioneer hy nie vanuit die heelbreinstaat nie, maar vanuit die dominante dele van sy brein en liggaam, soos deur sy Mind Dynamix®-profiel aangedui.” Die slothoofstuk van die boek bevat doelwit spesifieke Mind Moves® om die hele brein, die sintuie en die spiere te stimuleer vir ’n optimale leerervaring in die klaskamer.

’n Mens kan ongetwyfeld baie leer uit hierdie boek. Daar is gewis dele wat kontroversieel sal wees, veral in die lig van De Jager se sterk oortuigings – “Net soos ’n mens nie van iemand met ’n gebreekte been sal verwag om ’n berg te klim nie, kan jy nie van hierdie leerders verwag om hulself te help of te verander nie” – en haar voorliefde vir belangrike vraagstukke. Sy glo ook dat onderwysers se onderrigstyle dikwels deur hul eie leervooreure bepaal word, hoewel elke leerder – kind of volwassene – se brein nie noodwendig op daardie manier werk nie.

Hierdie boek is onontbeerlike leesstof vir opgeleide onderwysers en terapeute, maar veral vir diegene wat nog besig is met hul opleiding, aangesien dit belangrike vrae opper wat elkeen wat in leer belangstel, moet oordink en bespreek.

Alan Davies

Geotrooieerde Opvoedkundige Sielkundige

Medegenoot van die British Psychological Society

Melodie de Jager en haar span Gevorderde Mind Moves Instrueteurs
bied gereeld plaaslik en internasionaal slypskole aan oor Mind Moves®.
Kontak haar hier: (+27) 72 234 0528, institute@mindmoves.co.za
en www.mindmoves.co.za

Mind Moves® is uitsluitlik bedoel vir opvoedkundige gebruik en nie as diagnose of voorskrif vir enige toestand nie. Die skrywer kan derhalwe nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige wanvoorstelling van hierdie inligting nie. Al die Mind Moves® is veilig binne 'n persoon se normale en pynlose beweeglikheidssperke. Deur geleidelik al hoe meer uitdagende oefeninge aan te pak, word vaardighede ontwikkel en prestasie verbeter. Let daarop dat dit altyd raadsaam is om 'n mediese praktisyn te raadpleeg voordat enige bewegingsprogram aangepak word.

LEERBLOKKASIES

Wanneer dit by leer kom, is die grootste uitdaging vir baie leerders om gemotiveerd en positief te bly – en steeds hoë verwagtinge van hulself te koester.

Volgens Jensen is die mens biologies ontwerp om te oorleef, en is die grootste mededingende voorsprong sy vermoë om te leer. Waarom sukkel soveel leerders dan om te leer? Omdat daar verskeie leerblokkasies mag wees wat die proses bemoeilik.



Leerblokkasies:

Enige gebeurtenis wat voorkom dat leer plaasvind.

BLOKKASIES TEN OPSIGTE VAN SINTUIGLIKE STIMULASIE EN INTEGRASIE

.....

Sintuiglike stimulasie en integrasie vorm die basis van alle denke en aksie, en 'n gebrek daaraan veroorsaak beduidende leerblokkasies. Die sintuie werk soos vragmotors wat noodsaaklike produkte na 'n dorp (die brein) vervoer. Nuwe produkte (nuwe inligting) moet die dorp (die brein) voortdurend bereik, anders kan dit nie ontwikkel nie en verarm dit.

Die meeste leerders word gebore met die potensiaal om te leer en te presteer, maar tensy die sluimerende potensiaal in hul sintuie, brein en spiere ontwikkel word, mag hulle nie hul volle potensiaal bereik nie. Stimulasie is nodig om die sintuie, brein en spiere te ontwikkel sodat hulle kan leer om saam te werk.

Die Xinguana-Indiane kan byvoorbeeld 'n teiken dodelik akkuraat op 'n afstand van 500 meter tref, maar hulle kan nie lees of skryf nie. Hoewel hulle dus oor uitstekende afstandsvisie beskik, skiet hul nabysienvaardighede tekort omdat hulle vir die grootste deel van hul eerste lewensjaar op hul moeder se rug gedra word en nooit die geleentheid kry om te leer kruip nie.

Navorsing deur Veras toon 'n sterk korrelasie tussen kruip in die eerste lewensjaar en die vermoë om geskrewe taal te begryp en te gebruik. Kermoian bevestig dit, en voeg by dat leerders wat nooit geleer kruip het nie 'n gebrek aan kognitiewe vaardighede soos voorwerp- permanensie en ruimtelike persepsie mag vertoon. 'n Gebrek aan sintuiglik-motoriese stimulasie deur die kruipaksie kan dus 'n blokkasie ten opsigte van geletterdheid en gesyferdheid veroorsaak.

SOSIO-EKONOMIESE BLOKKASIES

Baie leerders worstel met leerblokkasies as gevolg van hul sosio-ekonomiese omstandighede – honger, moegheid of ’n gebrek aan motivering om te leer as gevolg van hul lewensomstandighede. Hulle is miskien moeg omdat hulle moet help om ander kinders in die gesin te versorg, water aan te dra en hout te soek. Dit laat hulle gedemotiveer voel, omdat hulle nie die nut van wiskundige vergelykings of hoofletters en punktuasie kan insien of begryp hoe dit hulle gaan help in hul daaglikse stryd om oorlewing nie.

EMOSIONELE BLOKKASIES

Ander leerders het weer genoeg om te eet en kry genoeg slaap, maar kry nie die nodige liefde en sorg van hul ouers en versorgers nie.

Volgens Schanberg en Field van die University of Miami, is liefde en versorging noodsaaklik vir breingroei en gevolglik ook vir die vermoë om te leer. Hulle het bevind dat pasgebore muise wat van hul ma geskei is, opgehou groei het. Terwyl die ma die kleintjies gelek het, was dit ’n teken dat hulle veilig is en dat hulle kon ontwikkel. Toe sy nie meer die kleintjies gelek het nie, het die brein na oorlewingsmodus oorgeskakel en die eetrespons afgeskakel ten einde energie te bespaar. Die eetrespons kon herstel word deur die moeder toe te laat om weer die kleintjies te lek. Toe dit gebeur het, het die streshormone afgeneem en die kleintjies se groeitempo verdubbel.

Hierdie navorsing toon dat ’n gebrek aan emosionele koestering deur ’n liefdevolle volwassene ’n leerblokkasie kan wees.

TAALBLOKKASIES

Vir sommige leerders is die feit dat hulle nie die voertaal in die klaskamer verstaan nie, die grootste leerblokkasie. In ander gevalle beskik hulle nie oor ’n toereikende woordeskat nie. Indien ’n leerder nie die nodige blootstelling aan ondervindings gehad het wat tot die ontwikkeling van ’n spesifieke woordeskat gelei het nie, mag hy steeds geen idee hê waarvan die onderwyser praat nie.

Kom ons neem die voorbeeld van ’n leerder wat op ’n klein plattelandse dorpie sonder sypaadjies, stoptekens, verkeersligte of laaisones grootword. Om daardie leerder te vra om ’n opstel oor ’n dag in die lewe van ’n verkeerskonstabel te skryf, mag ’n groot uitdaging wees.

Dit grens aan kindermishandeling om van 'n kind, wat nie die voertaal in die klaskamer verstaan of kan praat nie, te verwag om daardie taal te skryf en lees.

VERWYSINGSRAAMWERK AS BLOKKASIE

'n Leerder se verwysingsraamwerk word gevorm deur blootstelling aan 'n verskeidenheid ondervindings, asook toegang tot TV, boeke, tydskrifte of die internet. Hierdie hulpbronne kan 'n leerder se kennis, verwysingsraamwerk en woordeskat uitbrei deur inligting oor verskillende lewenstyle, konsepte en ervarings te verskaf. Dis vir hierdie rede dat leerders baie daarby baat wanneer voorskoolse-onderwys tematies gerig word om leerders se verwysingsraamwerke spelenderwys uit te brei.

'n Uitstekende illustrasie van hierdie leerblokkasie is die storie van 'n geesdriftige onderwyseres wat 'n opwindende drama-en-bewegingles oor ruimte-reise vir haar graadeens voorberei het.

Sy het hulle gevra om op te staan, hul ruimtepakke aan te trek en hul helms op te sit, en in die vuurpyl te klim om die ruimte te gaan verken. Die gebrek aan geesdrif en onbegrypende kyke moes haar laat vermoed het dat alles nie pluis was nie.

Toe sy die leerders vra wat 'n vuurpyl is, het hulle vol selfvertroue geantwoord: "Dis iets waarop jy jou kos kook." Hul naaste assosiasie met die woord vuurpyl was vuur! Kan jy jou die verwarring voorstel wat die goedbedoelende onderwyseres se instruksies by daardie leerders veroorsaak het? Waarom op aarde sou sy wou hê hulle moet snaakse klere dra om in 'n vuur te klim en hul sitplekgordels vas te maak? Helm, sitplekgordel en vuurpyl was vir hulle wesensvreemde woorde en konsepte wat 'n leerblokkasie tot gevolg gehad het.



VERSKILLENDE LEERSTYLE AS BLOKKASIE

Leerstyl is een van die ingewikkeldste leerblokkasies. Jou leerstyl is net so uniek soos jou vingerafdrukke. Vir 'n eenvoudige demonstrasie van verskillende leerstyle, bestudeer die volgende diagram en kies die blokkie wat by die eerste blok pas.




		
LEPEL	MOTOR	KOPPIE

Diagram 1.1: 'n Eenvoudige toets om jou leerstyl te bepaal

As jy prente bo woorde verkies, pas blok 2 (oog) vir jou by blok 1 (hand). As jy egter meer op woorde ingestel is, pas blok 3 (koppie) wat jou betref die beste by blok 1 (lepel).

Leerstyle word deur verskeie faktore bepaal, byvoorbeeld:

Linkerbrein- (meer logiese, stapsgewyse benadering) en regterbreindominansie ('n meer vloeibare, verkennende benadering). Visuele, ouditiwe of kinestetiese sintuiglike voorkeure, met die klem op luister, sien of aktiewe deelname.

Omgewingsfaktore soos temperatuur, lig en klank. Liggaamlike voorkeure, soos waaksaamste tyd van die dag en behoefte aan versnaperinge. Sielkundige voorkeure, byvoorbeeld of die leerder verkies om alleen of in groepe te werk.

Dit is onmoontlik om met al hierdie faktore rekening te hou wanneer jy 'n les voorberei. Dit verbaas 'n mens dus nie dat baie leerders leerblokkasies ondervind omdat daar nie vir hul spesiale behoeftes voorsiening gemaak word nie.

GESLAG AS BLOKKASIE

Die jongste neurowetenskaplike navorsing dui daarop dat geslagsverskille ook leerblokkasies kan veroorsaak

DIE MANLIKE BREIN	DIE VROULIKE BREIN
Fokus: Seuns het 'n kleiner corpus callosum, wat hulle in staat stel om inligting te kompartementaliseer en op een ding op 'n slag te fokus.	Fokus: Meisies het 'n groter corpus callosum, wat hulle in staat stel om op meer as een ding op 'n slag te fokus en meer as een taak op 'n slag te verrig.
Visie: Seuns het goeie afstandvisie en diepteperspeksie, en goeie praktiese 3D-oplossingsvaardighede.	Taal: By meisies is die gedeelte van die brein wat met taal gemoeid is groter; hulle geniet gevolglik besprekings en debatte.
Aksie: As gevolg van hoër testosteroonvlakke is seuns meer aksiegerig, luidrugtig, kompetend en aggressief.	Aksie: As gevolg van 'n laer testosteroonvlak is meisies meer insiklik, meer geneig tot samewerking en minder kompetend.
Konsentrasie: Laer serotonienvlakke lei tot groter waagmoed en swakker beheer oor gedrag; laer dopamienvlakke verhoog behoefte aan stimulasie en volgehoue aanmoediging.	Konsentrasie: Hoër serotonienvlakke lei tot groter emosionele bewusheid en beter gedrags-beheer, terwyl laer dopamienvlakke veroorsaak dat minder stimulasie nodig is om pogings enduit vol te hou.
Beste leersituasie: Aksiebelaaide, kort lesse met geleentheid vir kompetisie en uitdagings.	Beste leersituasie: Sittende, koöperatiewe, nie-kompeterende lesse met geleentheid vir verbale interaksie.

Diagram 1.2: 'n Vergelyking van die twee geslagte se leervoorkeure



Corpus callosum: 'n Bundel vesels wat die linker- en regterhemisfeer van die brein verbind.

ONVANPASTE OMSTANDIGHEDE AS BLOKKASIE

Net soos 'n gebrek aan toepaslike stimulasie bringroei kan inhibeer en leerblokkasies kan veroorsaak, kan te veel blootstelling aan die verkeerde soort stimulasie, soos geweld, dieselfde uitwerking hê.

'n Verslag deur die Carnegie Corporation of New York wys daarop dat blootstelling aan geweld gedurende die eerste drie lewensjare 'n ontoepaslike leerervaring is indien ons die groeiende epidemie van geweld wil stuit. Wanneer jong leerders aan geweld blootgestel word, pas hul brein by hul omgewing aan deur hulle daarop voor te berei om te veg of te vlug, en sodoende word triljoene verbindings gewysig tot stroombane van aggressie.

Daar is nog talle ander leerblokkasies, soos liggaamlike en geestelike gebreke, voedingsprobleme soos wanvoeding en allergieë, groepsdruk, etikettering, die beskikbaarheid van hulpbronne, en dies meer.

Die doel van hierdie hoofstuk is egter nie om al die faktore en omstandighede te noem wat leerblokkasies kan veroorsaak nie.

Die vraag ontstaan nou: Wat kan ons doen om van hierdie blokkasies uit die weg te ruim sonder om die werkklas beduidend te vergroot?